## Voorvalle in my bediening (8)

# DUMBOY EN KOKKELAS

deur dr. H. J. Piek

TYDENS my bediening van die gemeente Chubut in Argentinië (1933-1935) het ek daar tussen die Boere twee nie-blankes ontmoet . . . albei bediendes wat die Boere saam met hulle uit Suid-Afrika na Suid-Amerika geneem het. Die een was 'n Damara met die naam van „Dumboy". Sy regte naam was eintlik Jan Herman. Hy het aan my gesê dat hy in 1890 gebore is en dat sy maat, „Blink boy", in Chubut oorlede is.

In 1903 toe sy baas, oom Adriaan Louw, die plan kry om uit Suid-Afrika te verhuis, het hy besluit om saam te gaan, want „hy was mos een van die familie". Nou sal hy, so het hy destyds aan my gesê, as hy die kans kry om terug te gaan na Suid-Afrika, reguit na Keetmanshoop toe gaan, want sy mense is daar en hy verlang baie na hulle.

Die ander nie-blanke was 'n tipe Boesman, met die naam van Kokkelas. Hoewel hulle deur die Argentyners behandel was soos witmense, het



*Ou Dumboy was een van die swartes wat in 1903 saam met die Boere na Argentinië getrek het.*

albei verkies om maar tussen die Afrikaners te beweeg, 'n beskeie plekkie in te neem in die kombuis, en die oom en tante te noem „oubaas" en "ounooi.".

Kokkelas was so gewoond daaraan om tussen die witmense te beweeg dat hy eenkeer toe hy saam met die boere skape geskeer het, so na Ben Myburgh gekyk het en gesê het: „Nee, baas Ben", en hy hou sy rug so effens vas. „Nee", sê hy, „baas Ben, dit is darem nie die werk vir 'n witman hierdie nie".

Kokkelas het geglo dat hy 'n „gatjieponner" was, want „die predikant het sy naam in die boek geskrywe".

Ek het ook eenmaal sy naam in 'n boek geskrywe, maar dit was omdat hy tydens 'n basaar 'n artikel op skuld gekoop het, en ek dit wou aanteken dat hy die kerk 'n paar peso's skuld.